



God Praat met Ons

Ons praat met God as ons tot Hom *bid*. Ons sluit ons oë. Ons dink oor Hom, en dan *praat* ons met Hom. En ons *weet* dat Hy ons hoor.

Maar praat God ook met *ons*? Kan ons *Hom* hoor?

Baie lank gelede het Hy met klein Samuel gepraat. Hy het met baie ander mense ook gepraat. Maar praat Hy ook met jou en met my?

Ja, Hy praat *verseker* met ons. Hy praat met ons op verskillende maniere. Die meeste kere praat Hy met ons deur sy boek.

Toe God baie lank gelede met mense gepraat het, het Hy vir hulle gesê hulle moet Sy woorde *neerskryf*. Hy het hulle gesê om sy woorde in 'n boek op te skryf. Hulle het 'n groot boek gemaak. Daardie boek noem ons die *Bybel*. Die Bybel is God se Woord.

God het baie goed vir die Bybel gesorg. Al is dit baie, baie jare gelede geskrywe, kan ons dit *vandag* nog steeds lees. Hy het gesorg daarvoor, omdat *Hy deur die Bybel met jou en met my wou praat*.

As ons die Bybel *lees*, praat God met ons.

As die dominee vir ons uit die Bybel lees, praat God ook met ons. As Pappa en Mamma uit die Bybel lees, praat God met ons.

As ons juffrou of meneer vir ons uit die Bybel lees, en vir ons Bybelverhale vertel, praat God met ons.

Daar is so baie boeke in die wêreld. Die *Bybel* is die wonderlikste boek van almal. Die Bybel, die *hele* Bybel, is God wat met ons praat.

Ons is lief vir die Bybel, want dit is God se Woord.

Ons moet goed sorg vir ons Bybels.

Ons lees gereeld ons Bybel, omdat ons wil weet wat God vir ons sê.

God het met ons op 'n baie *spesiale* manier gepraat toe Hy vir *Jesus*, Sy Seun, gestuur het om op hierdie aarde te kom lewe. Baie van die dinge wat *Jesus* gesê het, staan ook in die Bybel.

God praat ook met ons wanneer sy Gees in ons harte fluister. Partykeer fluister die Gees vir ons om nie stout te wees nie. Partykeer fluister die Gees as ons bid, om ons te vertel dat God ons hoor.

Alhoewel ons nie die stem van God met ons *ore* hoor nie, soos Samuel gedoen het, *praat* God tog met ons. Hy praat met ons op baie maniere.

Gesels hieroor:

1. In watter boek praat God met ons?
2. Wie het hierdie boek geskryf?
3. Hoekom is die Bybel die wonderlikste boek van alle boeke?

Wanneer ons dele van die Bybel memoriseer, bêre ons God se Woorde in ons harte. Baie lank gelede het 'n man van God gesê:

'Ek het U woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie'

(Psalm 119 :11)

Wat ons kan lees:

1 Petrus 1:24, 25

Wat ons kan sing:

'n Lied oor die Woord van God:

Dankie vir die Bybel, Heer,
Als wat U beveel en leer.
In U Woord spreek U ons aan,
help ons deur U Gees verstaan,
leer ons luister en onthou,
Woord van Liefde, Woord van Trou.

Gebed:

Vader in die hemel, baie dankie vir die Bybel. Dankie Here dat U alles so in die Bybel laat opskryf het, dat ons vandag U wonderlike Woord mag hê. U Woord vertel ons van U liefde vir alle mense, sondige mense. Help ons asseblief om goed te luister as iemand vir ons uit U Woord voorlees. Amen.

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*